

Skriflesing: Openbaring 18: 1 -24Teks: **Openbaring 18: 9, 11,17b - 19**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 9:1,9,10****TYDENS EREDIENS – Ps. 68:15; Ps. 119:14; Ps. 103: 1,3; Ps. 103:10, 11****Openbaring 18: 1 -24**

Rev 18:1 Hierna het ek 'n ander engel uit die hemel uit sien afkom. Hy het groot gesag gehad, en die aarde is deur sy heerlikheid verlig.

Rev 18:2 Hy het met 'n sterk stem uitgeroep: "Geval, geval het die grote Babilon. Dit het die blyplek van die bose geeste geword, die skuilplek van alle onrein geeste, die skuilplek van alle onrein roofvoëls en die skuilplek van alle onrein en afskuwelike diere,

Rev 18:3 omdat al die nasies van die dwelmdrank van haar onsedelike gedrink het. Die konings van die aarde het onsedelik met haar verkeer, en die sakemanne van die aarde het ryk geword uit haar grenselose weelde."

Rev 18:4 Toe het ek 'n ander stem uit die hemel hoor sê: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie aan haar sondes deel kry en die plaë wat oor haar kom, julle ook tref nie.

Rev 18:5 Haar sondes het tot aan die hemel opgehoop, en God het haar ongeregtighede onthou.

Rev 18:6 Behandel haar soos sy julle behandel het, en vergeld haar dubbel soveel as wat sy julle aangedoen het. In die beker waarin sy vir julle ingeskink het, moet julle vir haar twee keer soveel inskink.

Rev 18:7 In die mate waarin sy gepronk en in wellus gelewe het, in dié mate moet julle haar pyn en droefheid aandoen. Sy sê by haarself: 'Ek sit as koningin op my troon. Ek is nie weduwee nie, en treur sal ek nooit nie.'

Rev 18:8 Daarom sal al die plaë haar op een dag tref: pes, droefheid en hongersnood. Sy sal met vuur verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel."

Rev 18:9 Die konings van die aarde wat onsedelik met haar gelewe en hulle daarin verlustig het, sal huil en te kere gaan oor haar wanneer hulle die rook sien soos sy verbrand word.

Rev 18:10 Hulle sal ver weg staan uit vrees vir die pyniging wat haar aangedoen word, en sal sê: "Hoe vreeslik, hoe vreeslik! Die groot stad, Babilon, die sterk stad! In een oomblik het die oordeel oor jou gekom!"

Rev 18:11 Die sakemanne van die aarde huil en kerm oor haar, omdat daar niemand meer is om hulle goed te koop nie:

Rev 18:12 goue goed en silwergoed, edelstene en pèrels, fyn pers klere en helderrooi syklere, allerhande skaars soorte hout, allerhande dinge van ivoor en allerhande dinge van duur hout, van koper, van yster en van marmer,

Rev 18:13 kaneel en speserye, wierook, reukolie en reukwater, wyn en olyfolie, koring en meel, beeste en skape, perde, waens en slawe en selfs die lewens van mense.

Rev 18:14 Daar sal gesê word: "Hierdie produkte wat die lus van jou lewe was, is nou daarmee heen. Al die weelde en skittering is nou vir jou verlore en sal nêrens en nooit meer gevind word nie."

Rev 18:15 Die sakemanne wat met hierdie goed handel gedrywe en so van haar ryk geword het, sal ver weg staan uit vrees vir die pyniging wat haar aangedoen word. Hulle sal huil en kerm

Rev 18:16 en sê: "Hoe vreeslik, hoe vreeslik! Die groot stad, uitgedos in fyn klere, pers en helderrooi, en opgetooi met goud, edelstene en pèrels!

Rev 18:17 In een oomblik is soveel rykdom verwoes!" **Al die skeepskapteins en almal wat êrens heen vaar, die matrose en almal wat van die see lewe, het ver weg gestaan**

Rev 18:18 en het geskreeu toe hulle die rook sien soos sy verbrand word. Hulle het gesê: "Watter stad kon met dié groot stad vergelyk word?"

Rev 18:19 Hulle het stof op hulle koppe gegooi en geskreeu. Hulle het gehuil en gekerm en gesê: "Hoe vreeslik, hoe vreeslik! Die groot stad! Almal wat skepe op see het, het ryk geword van haar skatte. In een oomblik is sy verwoes!"

Rev 18:20 Verheug jou daaroor, hemel, en julle, gelowiges, apostels en profete! God het die oordeel waarmee sy julle getref het, oor haar voltrek.

Rev 18:21 Toe het 'n sterk engel 'n groot klip, so groot soos 'n meulsteen, gevat en dit in die see gegooi en gesê: "So, met geweld, sal Babilon, die groot stad, neergegooi word, en niemand sal hom ooit weer kry nie.

Rev 18:22 Die musiek van sitiespelers en sangers, van fluitspelers en trompetblasers sal nooit weer in jou gehoor word nie. Geen ambagsman van watter ambag ook al sal ooit weer in jou gekry word nie. Die

gedreun van 'n meul sal nooit weer in jou gehoor word nie.

Rev 18:23 Die lig van 'n lamp sal nooit weer in jou skyn nie. Die stemme van bruid en bruidegom sal nooit weer in jou gehoor word nie. Jou sakemanne was die heersers van die aarde, en deur jou bedrog is al die nasies mislei."

Rev 18:24 Babilon is skuldig aan die bloed van die profete en die gelowiges, almal wat op die aarde doodgemaak is.

Skriflesing: Openbaring 18: 1 -24

Teks: **Openbaring 18: 9, 11,17b – 19**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 9:1,9,10**

TYDENS EREDIENS – Ps. 68:15; Ps. 119:14; Ps. 103: 1,3; Ps. 103:10, 11

Geliefde gemeente in ons Here Jesus Christus, hierdie afgelope week was ons Dinsdag by 'n openbare vakansiedag wat genoem word Vrouedag. Verlede Sondag uit Openbaring 17 het dit nou maar net so uitgewerk dat ons toe reeds by 'n vrou stilgestaan het. Of dan eerder twee soorte vroue! Die vraag was aan die kant van watter vrou, staan ek? Die goeie vrou in Openbaring 12 versus die verskriklike vrou van Openbaring 17. Daarom weereens die vraag aan watter kant staan ek?

Openbaring 17 gee simbolies kenmerke van 'n baie slegte vrou waar hierdie prostituut (ander vertalings noem haar 'n hoer) eintlik die voorstelling word van die valse kerk. Oor die slegte vrou het Openbaring 17 vyf duidelike kenmerke gegee. Elke keer moet ek myself die vraag afvra, wil ek regtig aan haar kant staan?!

Eerste was haar ontrouheid wat dan as hoerery beskryf word. Uitgebreid kon ons aantoon dat daar is baie plekke in God se Woord waar mense ander gode aanhang en God se verbondskinders raak van Hom afvallig dan is die woord wat die Here daarvoor gebruik hoerery.

Openbaring 17 het ook gesê dat die vrou sit op baie waters. Die baie waters is simbool van volke en nasies. Ja, menigte mense uit alle volke dra haar op die hande. Sy word gedra deur die volkerewêreld.

Daarna het ons gesien die vrou ry op die dier met sewe koppe en tien horings. Dis presies dieselfde dier as in Openbaring 13. Sy sit op die rug van die antichris. Die antichris se koppe en horings is tekenend van die totalitêre staatsmag wat uit die volke opkom. Ons tyd het ons die Russe, die Amerikaners, die Chinese, almal wil wys wie het die grootste mag. Daar is tans groot

dinge tussen hierdie moondhede aan die opbou. Die Russe is steeds in die Ukraine, beslis nie om Christus daar te dien nie, intendeel! In Openbaring 18 kom ons hierna terug.

In die vierde plek sien ons hoe die vrou dit aanvanklik kon regkry om die konings van die aarde om haar pinkie te draai. Sy bedryf politieke owerspel met die leiers van die wêreld. Dis waar sy simbool word van die valse kerk. Wanneer die kerk die verkondiging van die evangelie inruil vir politieke gewin en om in die wêreld al meer polities gedienstig te wees en die regte van mense bo die reg van God stel, dan is die valse kerk inderdaad toonbeeld van hierdie slegte vrou. Die beleid van die staat mag nooit die belydenis van die Kerk dikteer nie, of nog erger, die Woord van God al hoe meer op die agtergrond skuif nie.

In die laaste plek word jou en my groter vraag as dit gaan om aan die kant van watter vrou staan ek, dan gaan dit om Openbaring 12 se vrou, die ware Kerk wat daar groot dinge oor haar gesê word. Wat sekerlik die grootste is dat die Messias is as Mens gebore uit die skoot van die Kerk. God het die Kerk daargestel sodat sy Seun as Verlosser uit haar midde en ook vir haar Middelaar kon wees. Sonder Christus het die Kerk in alle geval geen sin en betekenis meer nie. Daarom as 'n Kerk nie vir Christus as ons Hoof, ons enigste Hoof erken nie, dan het so 'n kerk reeds die gestalte van die valse kerk begin aanneem.

Die valse kerk staan egter nie alleen in die mondering van 'n baie slegte vrou geteken nie. Net so geldig soos ons die vraag kon vra aan die kant van watter vrou staan ek, word die vraag by vandag se voorbereiding gevra- in watter stad woon ek? Geestelik is ek by óf die een óf die ander stad ingelyf. Om by die Babilon van die wêreld ingelyf te wees is 'n verskriklike gedagte en met die verskrikking hiervan is Openbaring 18 besig. Ons gaan die vraag na die stad op drie maniere benader. Eerstens kom ons bietjie Babilon wil ingaan. Tweedens- die verlange na 'n beter stad, 'n beter plek. Laastens wat staan ons nou te doen? Eerste dan-

Die ingaan in Babilon:

Die verwysing na Babel kry ons al duidelik in Genesis 11. Daar waar die mens 'n stad en in besonder 'n toring wou bou wat God moes ewenaar. Toe reeds die strewe en simbool van die mens om of gelyk aan God te wil wees of om dan God in die mens se lewe uit te skakel. Later

was Babel ook die geweldige groot stad van koning Nebukadnesar. Hy wat in Daniel 4: 30 spog en vra- *Is dit nie die groot Babel wat ek gebou het nie?*

In Openbaring word Babilon die simbool van verdere gruwelike afgodery. Die slegte vrou van Openbaring 17 en die slegte stad van Openbaring 18 is onafskeidbaar van mekaar. Nie by een van die twee mag ons tuis wees nie, in besonder ook as ek my vir Nagmaal voorberei dan is afgodery altyd 'n wesentlike gevaar. Afgodery het in ons dae baie min te make met die aanbidding van 'n afgod of valse god maar afgodery begin die oomblik wanneer ek God nie meer as die middelpunt van my lewe stel nie. Ek begin al meer lewe vir dinge wat ek glo regtige betekenis in my lewe gee en dat in die plek van die ware God kom geld of sport of my grond of watter iets ook ál ek my groot saak in die lewe gemaak het. Dit word dan 'n afgod. In baie gevalle is afgode die dinge wat maak dat ek nie gereeld God rondom sy Woord in die gemeenskap van die heiliges met die erediens as God se afspraak met ons, nie meer bywoon nie.

U kom agter hoe aanloklik die ingang na die Babilon van die lewe vandag nog is?! Dit is baie soos die Sodom van ouds. Sodom en Gomorra was nie op slegte plekke gebou nie, trouens dit was goeie grond, Lot het hierdie deel verkies. Maar die mense wat daar gebly het, het in die tyd van Abraham al hoe slegter geword dat God die plekke nie meer kon verdra nie. Lot se vrou is in haar omkyk en verlange na haar verwoeste “Babilon” in 'n soutpilaar versteen.

Die Babilon van Openbaring 18 is die woonplek van duiwels, versamelplek van allerhande onreine geeste. Sy gee die vrou van die vorige hoofstuk net nog weer meer prominensie want hier drink hulle die wyn van haar grimmigheid, hier is haar hoerery eintlik die alledaagse. En dan is ons terug by Openbaring 17 wat Openbaring 18 maar net weer bevestig die politiek van die dag word so dikwels die gehoer van die dag. Dit is egter nie net die konings wat hier te kere gaan nie, maar ook die ekonomie, die vervoer, die welvaart alles kom ter sprake. Ons lees *die sakemanne van die aarde het ryk geword uit haar grenselose weelde.*”

Hulle leef as't ware uit die stad, ja die Babilon word die strewe van die antichris se internasionale eenheidstaat waar daar al meer sprake kom van een wêreldorde. Daar is al meer aanduidings dat ons as gelowiges moet lig loop vir die vrou van hierdie stad en hierdie staat want

die tyd kom dat sy die wêreld veral in drie rigtings gaan wil manipuleer. Jy kan jou nie 'n geslaagde nuwe wêreldorde indink as dit nie op groot skaal deur manipulering van bestaande strukture in die wêreld gaan gebeur nie.

Ons lees hier veral drie strukture, strukturele instellings wat ons geweldige druk gaan verkeer. Weereens dit begin by die politici, Openbaring noem hulle dikwels die konings van die aarde. Van hierdie konings en die lande wat hulle teenwoordig het beslis 'n ekonomie van skaal wat hulle al groter wil maak. Vers 11 praat duidelik van die sakemanne van die aarde, wat later in 'n getjank gaan uitbars. En dan moet ons nie die vervoer op see en land buite rekening laat nie. Sonder behoorlike vervoer, lugvaart, die seevaart, alles moet kan beweeg. Openbaring vat hulle saam in wat ons lees van die skeepskapteins, die stuurmanne van die skepe kom in vers 17 ook in die prentjie.

Hierdie drie strukture moet ons vandag nog erken vorm in 'n sekere sin die grootste boustone van 'n beskawing. Sy politiek, sy geld, sy handel, daarsonder kan 'n land nie aangaan nie, sonder hulle kan die wêreld in 'n sekere sin nie aangaan nie. Die gemors kom en dit is die gemors in Openbaring 18 as die ware Kerk deur hierdie strukturele magte so oorheers word dat die Kerk nie meer daar is ter wille van Wie God is nie, maar die Kerk word eintlik 'n hoer, 'n houvrou vir die magte van die wêreld. Die Kerk wat al meer begin om die wêreldse sonde goed te praat, om gediensig aan menslike strukture nie meer die groter saak nl. God in sy koninkryk, God in sy heerskappy, God wat alleen God is te wil dien en eer nie. Met so 'n gruwelike kerk word Openbaring 18 nie meer die plek van 'n kerk nie, maar die kerk word 'n soort van stad waarbinne ek en jy nie tuis mag wees nie- *Gaan uit haar uit my volk ...* lees ons sommer al vroeg in Openbaring 18 (vers 4).

Die ingaan in Babilon moet kan word 'n uitgaan uit hierdie stad, anders sal ek nie met die Nagmaal van die lewe, by die bruilofsmaal van die Lam (Openbaring 19) kan uitkom nie. Daar waar ons ook graag volgende Sondag by wil uitkom! Ons kom egter by nog 'n groter mooi, by 'n baie belangrike stad in God se oë moet die gelowige ook by Nagmaal kan uitkom, al kon ons nog nie fisies daar wees nie, in die gees moet ons by die stad uitkom, wat ons tweede gedagte dan is-

Die verlanse na 'n beter stad, 'n beter plek:

As ek by 'n Nagmaaltafel wil aansit en daar is nie in my 'n verlanse dat ek eendag by 'n beter stad, 'n beter plek in my lewe sal moet kan uitkom nie, dan het ons vir so een slegte nuus. Dan het die Babilon van die wêreld, jou reeds ingesluk. 'n Mens wat Nagmaal vier moet altyd 'n voorbereide mens wees maar moet ook 'n verlangende mens wees.

Ek verlang na geliefdes wat ek op aarde nie meer het nie, ek verlang na daar waar God nie so gelaster en gevloek en uitgedaag word nie. Ek verlang na waar die politiek en die geld en die handel in die wêreld nie eintlik die een en die al is en mense in hierdie strukturele dinge die sin van die lewe soek nie. Ons kan mekaar voor Nagmaal die versekering gee dat as Jesus Christus nie vir my die sin van die lewe is nie, moet nie dink jy sal dit elders vind nie. Allermens sal jy dit in die politiek en die ekonomie en die handel vind.

Dis terreine van die lewe waarsonder die wiele van die samelewing nie kan draai nie, maar dit mag nooit vir ons die sin van die lewe word nie. As dit my sin van lewe is dan het ek ook reeds diep slukke gevat van hierdie vrou se drank wat ons lees dis die dwelmdrank van haar onsedelikheid (vers 3). Die 1933 '53 Vertaling praat van die wyn van haar grimmigheid en van haar hoerery. Die 2020 Vertaling praat van die nasies het gedrink van die wellus van haar hoerery. *Die konings van die aarde het onsedelik met haar verkeer, en die handelaars van die aarde het ryk geword uit die aantrekkingskrag van haar weelde.*

Gedurig sal ons onself moet meet, ja dis deel van my en jou voorbereiding as Babilon vernietig gaan word, waar gaan ek wees. Waar sal ek die sin van die lewe soek. Die Babilon wat ons lees verwoes is- vers 21 kondig die finale val van afgodery en goddeloosheid aan. 'n Sterk engel gooi 'n groot klip in die see sodat die stad diep in die bodem van die see wegsink. So volledig en radikaal sal Babilon se val wees. Die oue Babilon is vernietig tot waar dit nie weer herstel kan word nie. En dan is dit stil. Daar sal geen musiek meer gehoor word nie, geen ambagsman wat meer daar sal kan werk nie, die maal van die meel is weg, die lig van alle lampe is dood, daar is geen opgewondenheid meer nie, geen jongmense wat meer gaan trou nie, geen pasgetroudes meer nie. So sink Babilon weg, maar geliefdes dis waarom die nuwe stad nou alreeds vir ons moet begin uitstaan. Daar moet eenvoudig 'n verlanse, ja 'n vooruitsig op 'n beter stad wees, al

is ons nog nie heeltemal daar nie. Openbaring gaan ons in hfst. 21 wel die stad inbring, maar ons is nog nie daar nie. Daarom die laaste saak vandag -

Wat staan ons nou te doen?

Al word Babilon se vernietiging simbolies duidelik uitgespel, mag ons anders wees as die politici en ekonome en nyweraars en handelaars van die laaste dae. Die groot wêreldorde wat die mens probeer skep het, stort in duie. Ons lees hoe die politieke leiers huil, ons lees hoe die wêreld ekonome huil, ook die gehuil wat selfs op TV-gehoor sou kon word, is stil, want die verbindings van die wêreld, dit waarvan die skepe die simbool was, is weg. Die TV wil nie aan nie!

Die wêreldverkeer, die wêreld verbindings wat die wêreld kommunikasie op hierdie aardbol so maklik gemaak het, is skielik nie meer daar nie. Ons lees dit by herhaling dat in een oomblik is sy verwoes. Hoe maklik het die hele wêreld op die skerm van 'n TV ingepas, want nuus van die wêreld oor en die internet en al die sosiale media middele is wonderlik, dit maak eintlik die wêreld klein en kompak. Die antichris is besig om sekerlik ook daarvan gebruik te wil maak om as die vrou op die rug van die dier een wêreldorde daarmee wil skep. Kommunikasie in die totstandbring van hierdie orde is onontbeerlik. So kan die laaste Babel gebou word maar wat sien ons op die einde. Wêreldpolitiek, wêreld ekonomie, wêreldkommunikasie stort in duie want die konings en die handelaars en die matrose kry aan die vernietiging van hulle Babel geen einde aangebring nie. Ons lees dat hulle ver weg gestaan het en al wat hulle kon doen, is om te huil. Hulle huil oor hulle stad Babel. Ja, in een oomblik is sy verwoes.

As ons hierdie dinge oordink, ons is besig om vir Nagmaal voor te berei, dan hoef ons nie te huil nie. Doen net jou daaglikse werk getrou. Bly op jou pos waar jy weet God jou geplaas het. Laat die vrou nie jou lewe beheers nie, want haar stad is uiters gevaarlik. Sien uit na die stad wat op die einde regtig nie net gaan saakmaak nie, maar wat die verskil gaan maak. Die nuwe Jerusalem. Moet nie in 'n kultuur verval van materialisme en uiters aardse geluk en soeke na genot nie, want dit is 'n kultuur waarin die mens net homself/haarself wil verheerlik en dit gaan saam met die stad tot niet gaan. Ons kan 'n ander kultuur ons eie maak, dit wat 'n kerklike kultuur behoort te wees waarin God verheerlik moet word. Mag dit ook ons doel wees as ons weer Nagmaal vier.

As ek die vraag kon antwoord vir watter stad leef ek dan is Openbaring 19, dit wat ons DV volgende Sondag heel gepas by moet uitkom, jou en my uitnodiging om te mag uitkom by die bruilof van die Lam. Openbaring 19 gaan oor die groot eetmaal saam met Christus. Mag ons volgende Sondag kom by vers 9, Openbaring 19- *salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.*

AMEN